

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Saak No: 3121/2004

In die saak tussen:

MACSTEEL INTERIOR SYSTEMS (EDMS) BPK Eiser

En

CHRISTIAAN FREDERICK THERON Verweerder

CORAM: LOMBARD R

UITSPRAAK: LOMBARD R

AANGEHOOR OP: 28 OKTOBER 2004

GELEWER OP: 9 NOVEMBER 2004

Hierdie is 'n bestrede aansoek om summiere vonnis.

Eiser in sy besonderhede van vordering beweer onder andere:

“4.

- 4.1 On or about the 1st of September 1995 and at Welkom,
Martro CC, registration number 1988/017307/23, a closed
corporation duly registered and incorporated according to the laws of

the Republic of South Africa entered into a written credit agreement in terms whereof Martro CC and Plaintiff agreed that the Martro CC may purchase goods from the Plaintiff on credit.

4.2 A copy of the written credit agreement is attached hereto as Annexure "A" hereto.

4.3 The Defendant acted on behalf of the Martro CC, duly authorised thereto, and a Director of the Plaintiff, Renier Blignaut, duly authorised thereto acted on behalf of the Plaintiff when agreed as stated.

5.

In terms of the said agreement and during the period

between 5th of December 2002 and the 29th of

January 2003, Martro CC purchased goods from the

Plaintiff on Martro CC's special instance, order and

request and in the amount of **R146,633.69 [ONE**

HUNDRED AND FORTY SIX HUNDRED AND THIRTY

THREE RAND AND SIXTY NINE CENTS] which amount

is already due and payable and which amount

notwithstanding demand, Martro CC refused and/or

neglects to pay.

6.

On or about the 1st of September 1995 and at Welkom, the

Defendant bound himself as surety and co-principle

debtor to Plaintiff for the due fulfillment of the Matro CC's obligations towards Plaintiff and as appears in Annexure "A" hereto."
(Pleitstukke p. 2)

Nadat verskyning om te verdedig namens verweerder aangeteken is, het eiser aansoek vir summiere vonnis gedoen in antwoord waarop verweerder 'n eedsverklaring afgelewer het.

Verweerder in sy opponerende eedsverklaring beweer, onder meer, as volg:

"4.

Ek het Aanhangsel "A" tot die Besonderhede van Vordering nou bestudeer. Ek betwis nie dat dit my handtekening is wat op voormelde dokument voorkom nie. Ek ontken egter nadruklik, dat dit ooit ooreengekom is tussen myself en die eiser hierin, dat ek myself sou verbind as borg vir die behoorlike nakoming vir die verpligtinge van Martro BK. Op die tydstip toe ek my handtekening op voormelde dokument aangebring het, was die dokument, volgens my beste kennis, wete en herinnering, 'n blanko dokument. Op geen stadium, het enige persoon my aandag daarop gevestig, dat die ondertekenaar van die betrokke dokument, homself sal verbind ook as 'n borg vir die behoorlike nakoming van die verpligtinge van Martro BK teenoor die Eiser nie. Op geen stadium, het ek die dokument deurgelees en ook kennis geneem van voormelde klousule nie. Ek doen aan die hand, dat by behoorlike deurlees van die dokument, dit duidelik is, dat die sogenaamde

borgklousule, 'n verskanste klousule is en volhard ek daarmee, dat ek op geen stadium kennis geneem het daarvan of sodanig ooreengekom het met die Eiser nie.

5.

Ek dra geen kennis van die verskuldigdheid van die Beslote Korporasie in die bedrag van R146 633.69 sos beweer in die Besonderhede van Vordering nie. Ek dra geen kennis wanneer voormelde bedrag na bewering ook verskuldig geraak het teenoor die Eiser nie. Geen besonderhede bestaan in die Besonderhede van Vordering, uit hoofde waarvan ek my kan vergewis, waarom die Eiser beweer dat voormelde bedrag deur die Beslote Korporasie verskuldig is nie. Ek kan ook nie vasstel uit hoofde van die Besonderhede van Vordering, wanneer die bedrag na bewering verskuldig geraak het nie. Dit is wel so dat die Beslote Korporasie gelikwideer is op 13 Maart 2003. Ek was nie die Applikant in daardie aansoek nie. Ten tyde van die likwidasië van die Beslote Korporasie en ook voor voormelde datum, was ek die persoon wat namens die Beslote Korporasie kwotasies vir nuwe bestellings afgelewer het, het ek kliënte gewerf en ook terreine besoek van tyd tot tyd waar die Beslote Korporasie werksaam was. Die doel van die besoeke was bloot om te sien dat die werk behoorlik voltooi word.

6.

Ek het gevolglik glad nie te doen gehad met enige bestellings namens die Beslote Korporasie nie. Die boekhoudster op daardie tydstip was ene Esther Charwood en na my beste kennis en wete is daar tans insolvensie ondervragings aan die gang rakende die likwidasië van die Beslote Korporasie, en waartydens die likwidateur, Mnr Carshagen, beoog om Mev

Charwood te ondervra rakende onder andere finansiële onreëlmatighede waarby sy self na bewering, betrokke is. In die lig van voormelde, is ek in geen posisie, om te bepaal of daar werklik bestellings gedoen is vanaf MacSteel vir enige goedere en/of welke betalings aan MacSteel gedoen is nie. In my hoedanigheid gevolglik indien bevind word dat ek 'n borg is (wat ek tans ontken), verlang ek bewys van Eiser se skuldoorsaak in die geheel wat insluit die beweerde bedrag van verskuldigheid.”

(Aansoek bl. 8-10)

In **MAHARAJ v BARCLAYS NATIONAL BANK LIMITED 1976**

(1) SA 418 (A) het Corbett AR (later Hoofregter) homself, onder andere, op 423 F – G as volg uitgedruk:

“The extraordinary and drastic nature of the remedy of summary judgment in its present form has often been judicially emphasised ...

The grant of the remedy is based upon the supposition that the plaintiff's claim is unimpeachable and that the defendant's defence is bogus or bad in law.”

En later in dieselfde uitspraak op 426 A tot 426 I

“Accordingly, one of the ways in which a defendant may successfully oppose

a claim for summary judgment is by satisfying the Court by affidavit that he has a *bona fide* defence to the claim. Where the defence is based upon facts, in the sense that material facts alleged by the plaintiff in his summons, or combined summons, are disputed or new facts are alleged constituting a defence, the Court does not attempt to decide these issues or to determine whether or not there is a balance of probabilities in favour of the one party or the other. All that the Court enquires into is: (a) whether the defendant has “fully” disclosed the nature and grounds of his defence and the material facts upon which it is founded, and (b) whether on the facts so disclosed the defendant appears to have, as to either the whole or part of the claim, a defence which is both *bona fide* and good in law. If satisfied on these matters the Court must refuse summary judgment, either wholly or in part, as the case may be. The word “fully”, as used in the context of the Rule (and its predecessors), has been the cause of some judicial controversy in the past. It connotes, in my view, that, while the defendant need not deal exhaustively with the facts and the evidence relied upon to substantiate them, he must at least disclose his defence and the material facts upon which it is based with sufficient particularity and completeness to enable the Court to decide whether the affidavit discloses a *bona fide* defence. (See generally, *Herb Dyers (Pty.) Ltd v. Mohamed and Another*, 1965 (1) S.A. 31 (T); *Caltex Oil (S.A.) Ltd. v. Webb and Another*, 1965 (2) S.A. 914 (N); *Arend and Another v. Astra Furnishers (Pty.) Ltd.*, *supra* at pp. 303-4; *Shepstone v. Shepstone*, 1974 (2) S.A. 462 (N)). At the same time the defendant is not expected to formulate his opposition to the claim with the precision that would be required of a plea; nor does the Court examine it by the standards of pleading. (See *Estate Potgieter v. Elliott*, 1948 (1) S.A. 1084 (C) at p. 1087; *Herb Dyers case*, *supra* at p. 32.)”

Sien ook: **AREND & ANOTHER v ASTRA FURNISHERS (PTY) LTD 1974 (1) SA 298 (CPD) op 303 H – 304 A.**

As die verweerder se eedsverklaring onder 'n vergrootglas geplaas word blyk dit, *inter alia*, dat:

- a) As hy Aanhangsel “A” in blanko sou onderteken het is daar geen bewering of suggestie deur wie en wanneer dit voltooi sou gewees het en deur wie en op welke stadium die inligting wat op die waarskynlikhede slegs deur hom verskaf kon word, bekom was – bv. sy ID nommer, bankbesonderhede, inligting aangaande huurkontrak/te, sakeverwysings en dies meer. Sodanige bewering is in elk geval 'n uitdruklike ontkenning van eiser se bewerings in paragrawe 4.3 en 6 van hul besonderhede van eis. *Ex facie* aanhangsel “A” is dit deur verweerder en sy getuies te Welkom onderteken en word laasgenoemde se ID nommers ook verskaf. Het hierdie getuienis saam met hom die dokument onderteken of is hulle name agterna ingevoeg?

- b) Wat in hierdie verband nie uit die oog verloor moet word nie is dat *ex facie* aanhangsel “A” is verweerder die enigste lid van Martro, ‘n aspek waarmee hy glad nie in sy eedsverklaring handel nie – hierdie is nie ‘n borgakte wat deur ‘n werknemer of buitestaander van Martro onderteken is nie – intendeel verweerder het inderwaarheid borg vir homself geteken. Dit moet ook nie uit die oog verloor word dat die tweede bladsy van aanhangsel “A” blykbaar die agterkant van die eerste bladsy is en dat elke bladsy sy eie afsonderlike “kopstuk” het – “Application For Credit Facilities” en “Terms And Conditions Of Agreement Of Sale And Deed Of Suretyship And Session Of All Monies Due To The Purchaser From Whatever Source Relating Thereto Entered Into By And Between”. Wat uiters opvallend is, is dat die koper (the purchaser) se naam en adres deur ‘n baie groot stempel aangebring is – iets wat aanduidend is dat aanhangsel “A” te Welkom waar Martro en die verweerder “woonagtig is”, onderteken was;

- c) Verweerder beweer dat hy nie die dokument deurgelees het nie – hy beweer verder dat niemand sy aandag daarop gevestig het dat hy “borg teken nie” m.a.w. sy saak is nie dat hy nie ‘n borgklousule verwag het nie of dat hy mislei was deurdat hy onder die indruk gebring was dat hy bloot gevra was om ‘n krediet aansoek te onderteken. Sy bewering dat die sogenaamde borgklousule ‘n verskanste klousule is maak myns insiens geen sin nie want as hy aanhangsel “A” in blanko geteken of nooit deurgelees het nie is sodanige bewering, myns insiens aanduidend van ‘n gebrek aan *bona fides*. As die verweerder se verweer sou wees dat hy aanhangsel “A” in blanko of sonder om dit daar en dan te lees onderteken het met die uitdruklike verstandhouding dat dit slegs ‘n aansoek om krediet was en dat hy daarna tot sy verbasing en skok moes uitvind dat hy ook as borg geteken het sou dit in alle waarskynlikheid ‘n hele ander debat gewees het. Dit is uiters insiggewend dat die

verweerder swyg oor wanneer hy die voltooide aanhangsel “A” vir die eerste keer behoorlik onder oë gehad en deurgelees het – inaggenome die feit dat hy dit in September 1995 onderteken het en hierdie verrigtinge plus minus 9 jaar later van stapel gestuur was.

- d) Sy bewering dat die besonderhede van vordering nie meld waarom die gevorderde bedrag deur Martro verskuldig is nie, is ‘n blatante leuen aangesien par. 5 daarvan uitdruklik sê dat dit ten aansien van goedere verkoop en gelewer aan Martro gedurende Desember 2002 tot Januarie 2003 was. Insgelyks is die bewering dat die besonderhede van vordering nalaat om te beweer wanneer die bedrag verskuldig geraak het, onwaar – paragraaf 5 meld uitdruklik wanneer die verkope plaasgevind het en dat die betrokke bedrag alreeds opeisbaar en betaalbaar was (due and payable) en dat nieteenstaande aanmaning Martro nalaat of weier om te betaal. Dit is seker nie te veel van die verweerder verwag om as die enigste lid van Martro kennis te dra van wie sy

krediteure was of is nie en indien daar 'n aanmaning ontvang sou gewees het dit onder sy aandag moes gekom het;

- e) Die feit dat hy ten tyde van die likwidasie van Martro en voor dit blykbaar slegs by die werwing van kliënte en die aflewering van bestellings betrokke was, het hom natuurlik nie weerhou of belemmer om met die persoon(e) wat met die aankope gemoeid was te skakel nie – hy as alleenlid moes in elk geval seker alle tjeks namens Martro teken of mede-onderteken;
- f) Die verweerder se “verskoning” dat die destydse boekhouer van Martro tans “nie vir inligting beskikbaar is nie”, is myns insiens onoortuigend – niks het hom verhoed om hetsy persoonlik of via sy prokureurs navraag by eiser en/of die likwidateur aangaande hierdie rekening te doen nie. Daar is geen suggestie welke pogings hy hoegenaamd aangewend het om meer inligting

aangaande hierdie skuld te bekom nie. Verweerder se bewering dat die betrokke aankope gedurende periode 5/12/02 – 29/1/03 gedoen was wat met die jaarlikse bouersvakansie saamval is na my oordeel 'n baie lomp poging om sy alreeds vae relaas lewe te probeer inblaas – Daar is in elk geval geen bewering deur die verweerder dat Martro se besigheid enigsins met die boubedryf verband hou nie en dat die goedere wat aangekoop is slegs vir boudoeleindes was – Hierdie Hof is heeltemal in die duister oor welke goedere deur Martro aangekoop en aan hulle gelever was.

Die vraag wat nou beantwoordig verg is:

- i) Of die verweerder ten volle (fully) die aard en gronde van sy verweer en die feite waarop dit gegrond is, uiteengesit het en;
- ii) Of op die feite also uiteengesit die verweerder ten aansien van die eis hierin 'n verweer het wat beide *bona fide* en regsgeldig (good in law) is, of anders omgestel: "That the

statement of material facts be sufficiently full to persuade the court that what the defendant has alleged, if proved at the trial, will constitute a defence to the plaintiff's case."

BREYTENBACH v FIAT SA (EDMS) BPK 1976 (2) SA 226 (TPD) op 228 D – E.

As bogemelde beginsel of toets op die feite hierin toegepas word dan is dit duidelik dat die verweerder deurentyd wegstrem van sy persoonlike betrokkenheid en deurentyd ander persone en/of instansies probeer verkwelik – op geen stadium word hand in eie boesem gestek nie – dit is myns insiens aanduidend van iemand wat nie *bona fides* is nie en wat slegs vae beweringe maak sonder enige substansiële verwysings en/of dokumentêre bewys. 'n Aspek wat in hierdie verband in gedagte gehou moet word is die volgende dictum van Splig Wnd R in **BLUE CHIP CONSULTANTS (PTY) LTD v SHAMROCK 2002 (3) SA 231 (WLD) op 240 C – H:**

"Finally, I am satisfied that ordinarily when a significant amount of credit is first sought by a dealer company from a supplier and a credit application form is required to be signed by a director or the controlling mind of that company, such person is to expect that the credit form is likely to require him to sign the

document also as surety: A director who signs cannot believe that the supplier will run the risk of granting credit with no security. The most convenient form of security is in the nature of a director's personal suretyship completed at the time the application for credit is filled out.

In a relationship between supplier and a dealer company where credit facilities are sought on a running account, the credit application form means what it says, a form in which credit is sought upon terms and conditions that will be acceptable to the supplier. That document is intended to set out comprehensively the material terms of the agreement. The provision of security in consideration for extending credit is likely to be one of such terms. Embodying such a term in the credit application form is the most efficient means of obtaining the requisite security. I do not believe that a Court should overlook commercial realities. In these types of relationships, credit is unlikely to be given simply for the asking, unless there are other factors that eliminate or materially reduce the risk of default, at little or no cost, to the supplier. A perusal of the cases reveals the difficulties that arose when suretyship provisions were contained in a document separate from the credit application form, such as problems of incorporation by reference. See *Fourlamel (Pty) Ltd v Maddison* 1977 (1) SA 333 (A). Commercial expediency produced simplified forms, providing for upfront security by incorporating a suretyship into the credit application. Instances are reflected in cases going back to *Supreme Service Station (1969) (Pvt) Ltd v Fox and Goodridge (Pvt) Ltd* 1971 (4) SA 90 (RA) at 91."

Dit kan net volledigheidshalwe gemeld word dat die eiser myns insiens nie op die sertifikaat (aansoek "B") hoef staat te maak

om verweerder se verskuldigheid aan te toon nie – paragrawe 5 en 8 van sy besonderhede van eis doen dit. Vir soverre dit sy verwere dat hy die borgakte in blanko geteken het en/of dat hy dit op geen stadium deurgelees het nie aangaan, is dit op die inligting tans ter hand nie 'n geldige verweer of verwere nie. Sien **GEORGE v FAIRMEAD (PTY) LTD 1958 (2) SA 465 A op 472 A**, **STIFF v Q-DATA DISTRIBUTORS (PTY) LTD 2003 (2) SA 336 (SCA) OP 340 B** en **BLUE CHIP** *supra* op 239 F.

'n Verdere aspek wat nie uit die oog verloor moet word nie is die feit dat hierdie Hof ingevolge die bepalings van Hofreël 32 (5) 'n diskresie het om summier vonnis te weier selfs al het die verweerder se eedsverklaring nie die mas, ingevolge Hofreël 32 (3)(b), opgekom nie (overriding discretion).

By die uitoefening van so 'n diskresie is die oorweging as volg deur Coleman R in **BREYTENBACH** *supra* op 229 H geformuleer:

"It seems to me that if, on the material before it, the Court sees a reasonable possibility that an injustice may be done if summary judgment is granted, that is a sufficient basis on which to exercise its discretion in favour of the defendant."

Alhoewel hierdie aspek nooit deur enige van die advokate geopper was nie is ek nietemin van oordeel dat selfs al sou Mnr. Reinders, namens die verweerder, my versoek het om my diskresie ten gunste van die verweerder uit te oefen dit onsuksesvol sou wees. Sonder om in herhaling van die feite beweringe te verval bestaan daar na my oordeel geen basis vir 'n standpunt dat deur my diskresie teen die verweerder hierin uit te oefen 'n ongeregtigheid of ongeregverdigheid teen hom mag wees nie. (injustice).

In die omstandighede word summiere vonnis toegestaan soos in eiser se besonderhede van vordering (bedes 1, 2 en 3) aangevra.

D.J. LOMBARD, R

Namens Eiser: Advokaat N. Snellenburg
i.o.v.
Honey Prokureurs
BLOEMFONTEIN

Namens Verweerder: Advokaat S.J. Reinders
i.o.v.

Rosendorff & Reitz Barry
BLOEMFONTEIN

/ECoetzee